Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za
www.kleinlochieland.co.za

2025-02-14

Liewe Ouers

TOELATINGS 2026
Aansoeke vir graad RR word aanvaar tot 15 April 2025. Voltooi asb. volledig en handig in by admin@lochnerhof.co.za

TROTS AFRIKAANS
Ons wil graag by Klein Lochieland suiwer Afrikaans aanmoedig. Moedertaalonderrig tot op die ouderdom van 6 jaar oud is baie belangrik vir ‘n kind se taalontwikkeling. Daar is hierdie afgelope paar jare die meeste gevalle van taalverwarring en swak spraak wat ons nog ooit gehad het. Een van die duidelike tekens van taalverwarring is wanneer jy ‘n kind iets in Afrikaans vra, maar hy antwoord in Engels.

Hier is ‘n paar wenke wat alle ouers kan volg om taalverwarring te voorkom:

- Kinders word baie blootgestel aan Engelse TV-programme. As u kind reeds verwarring toon en baie Engelse woorde gebruik, stel ons voor dat u die klank van die televisiestel afsit dat die kleuter net na die beeld kyk. LET WEL: Hoe meer ‘n kleuter aan ‘n sekere taal blootgestel word, hoe vinniger leer hy/sy dit aan!
- Indien u kleuter ‘n tablet het, probeer om Afrikaanse programmatuur op te laai.
- Lees ELKE aand ‘n Afrikaanse storie aan u kind om woordeskat aan te vul. Verduidelik moeilike woorde wat hul nie verstaan nie. Hierdie is ‘n baie belangrike aspek van u kind se aanleer van enige taal. Daar is enkele kinders wie se woordeskat op standaard is vir hul ouderdom.
- Wanneer u kleuter herhaaldelik ‘n Engelse woord gebruik, korrigeer hom of haar elke keer totdat hy of sy die regte woord baasraak.
- Indien u kleuter in Engels antwoord, maak asof u nie verstaan nie en vra dat hy/sy u in Afrikaans antwoord.
- Kleure en vorms moet in Afrikaans beantwoord word; dit help nie hulle antwoord in Engels nie. Ons assesserings vind in Afrikaans plaas.
- Stel hom of haar bloot aan Afrikaanse maatjies.
- Speel Afrikaanse kinderliedjies in die motor en laat hulle saamsing.
- Terwyl u in die motor ry, gesels met u kind, bv. wys padtekens uit en verduidelik wat hulle beteken, bespreek die verskillende bome, waarom hulle blare verloor, ens.
- Kinders wat baie vrae vra en baie nuuskierig is, is ‘n normale, intelligente kind wat in sy omgewing belangstel. Beantwoord sy/haar vrae, al dink jy as ouer hy/sy gaan dit nie verstaan nie. Kleuters op hierdie ouderdom is soos sponsies en neem baie inligting in as dit aan hulle verskaf word. Moet hulle nie onderskat nie.
- As u kleuter ‘n groot belangstelling toon in sekere dinge, bv. dinosourusse of planete, moedig dit aan met speelgoed, boeke, video’s, ens. Laat hulle die name leer. As hulle inligting in Engels kry, verduidelik dit vir hulle in Afrikaans.

Ons keur die aanleer van ‘n tweede taal goed, maar dan moet die moedertaal eers sterk vasgelê wees. Kom ons kyk of ons ons kleuters trots Afrikaans kan maak. Hulle is tog in ‘n Afrikaanse skool en ons is trots op ons taal!

KLAS- EN INDIVIDUELE FOTO’S
FOTODAG vir die graad RR-kleuters is **Donderdag 20 Februarie** en vir die graad R-kleuters **Vrydag 21 Februarie.** ***Trek die Klein Lochieland skoolhempie aan en sorg dat u kleuter se hare netjies is, asb.*** Koeverte met ‘n voorbeeld sal eersdaags beskikbaar wees. Die volgende fotopakkette gaan beskikbaar wees:

PAKKET A: **R140-00**

- 1 X A4

- 1 X 13/18cm
- 2 Jumbo's
- 4 ID-foto's

PAKKET B: **R240-00**
- 1 X A5
- 1 X 13/18cm
- 3 Jumbo's
- 1 sleutelhouer

KLASFOTO: **R50-00**
- A5

GHOLFDAG: 7 MAART 2025
Ons het nog plek oop vir spelers wat vierballe wil inskryf. Klein Lochieland is baie gelukkig en bevoorreg om elke jaar goeie ondersteuning te hê.

As u nie gholf speel nie en u is in die besigheidswêreld, kan u dalk vir ons pryse organiseer. Ons benodig twee pryse van dieselfde soort, want die spelers speel in pare. Aangesien ons veld elke jaar vol is met spelers, is hierdie 'n groot uitdaging sodat daar genoeg pryse is om uit te gee. Pryse kan absoluut enigiets wees, solank daar net twee van een soort is, bv. kampstoele, koelsakke, gholfhemde en -keppies, potte, glase, penstelle, geskenkbewyse, ens. Kontant skenkings sal ook baie waardeer word, want dit word gebruik om pryse aan te koop. Elke bietjie help!

Ons het geen putjieborge meer beskikbaar nie, daarom sal kontantskenkings welkom wees.

Ondersteun ons asb!

SPEELGOED
Ons doen 'n vriendelike beroep op ouers om asb. seker te maak dat u kleuter NIE speelgoed skool toe bring NIE. Dit veroorsaak onenigheid en ongelukkigheid in die klas en op die speelgrond.

GRAAD R-INLIGTING:

WILD WILD WEST UITSTAPPIE
Ons beoog 'n uitstappie oor twee dae met die graad R kleuters. Die Eendjie- en Vissieklas sal op Dinsdag 11 Maart en die Beertjie- en Hasieklas op Donderdag 13 Maart die Wild Wild West-speelplek besoek. Ouers kan R75-00 in 'n toegeplakte koevert met u kleuter se naam en Wild Wild West voorop, skool toe stuur. Dit sluit 'n worsrolletjie, koeldrank en roomys in. Daar gaan van ouervervoer gebruik gemaak word. Briefies om te voltooi word eersdaags uitgestuur.

Ons tema vir volgende week is: **TROETELDIERE**
Ons persepsies is:
Kleur: **Groen**
Vorm: **Vierkant**
Getal: **2 en tweede**
Klank: **g-klankie**

Assesserings:
Ouderdom
Verjaarsdagmaand
Knipwerk

Maandag	17 Februarie:	***Bring "g-klankie" prente, asb***
Dinsdag	18 Februarie:	Ons teken ons gunstelingtroeteldier
Woensdag	19 Februarie:	Kleuters trek iets **groen** aan, asb.
Donderdag	20 Februarie:	Pak asb. ***vierkantbroodjies*** vir u kind in
Vrydag	21 Februarie:	***GRAAD R-FOTODAG: Onthou om skoolhempies aan te trek, asb.***

GRAAD RR-INLIGTING:

AANSOEKPROSES- 2026

Die aanlynaansoeke vir Graad R vir 2026 **open op 11 Maart en sluit 15 April 2025**.. Geen vorms word ingevul nie, die aansoek moet op die **webblad van die WKOD** gedoen word. Die bewys van registrasie moet na die skool gestuur word. U kind ontvang 'n CEMIS nommer wat regdeur sy/haar skoolloopbaan gebruik gaan word. U gaan nie weer volgende jaar vir graad 1 aansoek doen vir 2027 nie.
Dit is baie belangrik dat u wel hierdie registrasie doen om so u kind se aansoek te bevestig vir 2026.

Ons tema vir volgende week is: **EMOSIES**
Ons persepsies is:
Kleur: **Geel**
Vorm: **Driehoek**
Getal: **2**
Klank: **e-klankie**

Maandag	17 Februarie:	Ons teken emosie-mannetjies
Dinsdag	18 Februarie:	Ons verf ons emosie-mannetjies
Woensdag	19 Februarie:	Kleuters trek iets **geel** aan, asb.
Donderdag	20 Februarie:	Pak asb. ***driehoekbroodjies*** vir u kind in ***GRAAD RR-FOTODAG: Onthou om skoolhempies aan te trek, asb.***
Vrydag	21 Februarie:	"Lekkertjie"-dag

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel